Unzip

Top Previous Next

Indien u 'n zip-leêr ontvang het via die internet of op 'n "stokkie" ('flash drive'), kan u die data met behulp van hierdie funksie op die regte plek terugsit.

Hierdie funksie is bedoel om u finansiële data terug te sit, maar dit keer u nie om dit vir enige ander leêr te gebruik nie. Verander net die gids waar die data gestoor moet word.

Kies die opsie vanaf die hoofkeusegids soos aangedui in die volgende skerm.



Die program sal outomaties u gids gebruik waar u u rugsteun maak. Gebruik die "Blaai na..." opsie om 'n ander leêr te kies.

Nadat u op "Blaai na" gekliek het, sal die volgende skerm verskyn. Blaai na die leêr wat u wil 'unzip'.



Kliek dan op "Volgende" om die volgende skerm te kry.



Hierdie skerm wys u al die leêrs wat in die ge-zipte leêr is. Dit is net vir kennisname. Kliek weer op "Volgende" om voort te gaan.

Die volgende skerm is baie belangrik, want u spesifiseer nou waar u die data wil stoor. Indien u hier nie versigtig is nie, kan u bestaande data oorskryf word.

U profiel se eie gids sal outomaties verskyn, want dit is tog waar die data gestoor moet word. Indien u hierdie program gebruik om ander leêrs uit te trek, gebruik die "Blaai na..." opsie om die ander gids te spesifiseer.

Kies die "Volgende" opsie om voort te gaan.

By hierdie skerm is dit belangrik om te let dat u vir die program kan sê om die oorspronklike zip-leêr te verwyder nadat die leêrs ge-unzip is. Ons beveel nie hierdie praktyk aan nie aangesien u nie die data weer kan uittrek indien nodig nie.

Kliek op die "Unzip" opsie en die leêrs sal nou in die korrekte gids uitgetrek word.

Indien die leêrs alreeds bestaan, sal die program u waarsku. Kies "Yes" om te bevestig om voort te gaan.



Indien die program meer as een leêr vind wat alreeds in die gids is, sal die opsie om ALMAL te oorskryf, verskyn. Kies "Yes" om almal te oorskryf sonder dat u weer herinner word dat die leêr alreeds bestaan. Indien u egter "No" kies, sal elke leêr wat reeds bestaan, 'n skerm laat verskyn waarin u moet bevestig dat u die data wil oorskryf.



Nadat al die leêrs uitgetrek is, sal die boodskap soos deur die rooi pyl in die vollgende skerm aangedui, verskyn.



U kan nou op die "Verlaat" opsie kliek, want u taak is afgehandel.